PERSVERKLARING: KOSPAKKIEPROJEK BO ENIGE VERDENKING

EMBARGO: Onmiddellik

BEWEERDE ONGERYMDHEDE MET KOSPAKKIEPROJEK IS KWAADWILLIGE VERSINSELS

Mosselbaai-munisipaliteit verwerp ten sterkste enige beweringe van onbehoorlike gedrag betreffende die verspreiding van noodvoedselvoorraad aan gekeurde begunstigdes in die groter Mosselbaai, en spesifiek in die KwaNonqaba-area.

Die munisipaliteit het uitermate moeite gedoen om 'n ouditstelsel te ontwerp en te implementeer sodat presiese rekenskap van elke kospakkie gegee kan word.

1. Alle aansoeke is behoorlik gekeur volgens die voorgeskrewe vereistes van die nasionale regering. Hierdie vereistes word hierby aangeheg.

2. Die aankope is streng volgens bestaande munisipale wetgewing en ingevolge die voorsieningskanaalbestuursproses gedoen.

3. Elke kospakkie word deur munisipale personeel volgens 'n goedgekeurde databasis na begunstigdes versprei. Hierdie databasis is tot beskikking gestel van beide die departement maatskaplike dienste en SASSA sodat verifieering gedoen kan word en om te verseker dat dubbele bevoordeling, oftewel double dipping nie plaasvind nie.

4 'n Foto word van elke begunstigde en die persoon se SA identiteitsdokument geneem, en 'n google earth PIN met koördinate word by elke punt waar kospakkies afgegee is, gelaat. Dit is onder meer gedoen ter wille van begunstigdes wat in informele areas woon en wie se adresbesonderhede nie geverifieer kon word nie. Elke voertuig is met ‘n opsporingstelsel toegerus en telemetries aan die munisipale GIS gekoppel, soos ook elke bestuurder van ‘n munisipale voertuig, wat meebring dat geen munisipale voertuig aangewend kan word op roetes sonder dat dit gespoor en opgevolg word nie.

5. Hierdie inligting word herlei na die munisipale geografiese inligtingstelsel (GIS) waarop elke aansoeker se besonderhede aangebring is. Elke enkele kospakkie wat versprei is kan dus tot by die woning waar dit afgegee is, gespoor word.

6. In sommige areas waar die strate nou is of waar die swaarvoertuie wat gebruik is om die pakkies te versprei nie veilig kon draai nie, is van die munisipale wetstoepassingseenheid se kleiner voertuie gebruik gemaak om te help om by die onderskeie, goedgekeurde addresse die noodvoedselvoorraad af te gee.

7. Ook in hierdie gevalle het die verifikasiespan die aflewerings vergesel om bevestiging van die aflewerings deur middel van die geo-PIN te doen.

8. Geen onbehoorlike beïnvloeding van hetsy 'n politieke party of individuele raadslede was hoegenaamd moontlik nie, trouens, die uitvoerende burgemeester, Raadsheer Harry Levendal het raadslede opdrag gegee om hulle nie met die kospakkieproses te bemoei nie.

9. Dit is daarom jammer en uiters onbillik dat persone hul eie, ongegronde afleidings maak van foto's wat buite konteks op sosiale media versprei is, die inligting boonop verder versprei met leuenagtige beweringe op whatsapp en Telegram-groepe, sonder om ten minste kommentaar te probeer inwin oor die juistheid van óf die foto's, óf die valse beweringe daarrondom.

10. Dit is uiters onverantwoordelik van enige instansie wat bekend is met die beskikbare kanale om inligting te verifieer alvorens dit met gepaardgaande innuendo versprei word, die valshede op sosiale media versprei.

11. Inwoners en veral die admins van facebookblaaie en whatsappgroepe word weer daarop gewys dat dit 'n strafbare oortreding is om opsetlike valse inligting of beweringe betreffende die COVID-19 coronavirusaangeleenthede te versprei. Inwoners word genooi om enige navrae of onduidelikhede deur te gee per e-pos na admin@mosselbay.gov.za sodat 'n verwysingsnommer aan die navraag toegeken kan word en die navraag na behore hanteer kan word.

12. Mosselbaai-munisipaliteit geniet erkenning as die beste munisipaliteit in die Wes-Kaap. Die munisipaliteit beskik oor 'n teenkorrupsie hotline. Skakel asb 0800 333 466 met enige inligting oor beweerde korrupte optrede sodat dit onmiddellik en indringend ondersoek kan word.

Mosselbaai-munisipaliteit roem daarop dat korrupsie hoegenaamd nie geduld sal word nie.

"Munisipale personeel het by tye deurnag gewerk om van die noodvoedsel-projek 'n sukses te maak. Personeel uit verskeie afdelings is ondanks die nasionale inperking betrek om pakkies op te maak, donasies in te samel, kospakkies af te lewer – hierdie personeel het hul ganse Paasnaweek en die afgelope Werkersdag-vakansiedag opgeoffer om werk te doen wat nie volgens hul pligtestate van hul verwag word nie. Die personeel het sonder skroom die ekstra myl geloop omdat die Mosselbaai-munisipaliteit uit omgee-mense bestaan wat te alle tye hul gemeenskap en gemeenskapsbehoeftes voorop stel. Nie een keer het personeel soveel as 'n dankie van die gemeenskap verwag nie, eweneens het niemand verwag om deur enkelinge in die gemeenskap verguis te word nie. Die aantygings word verwerp met die minagting wat dit verdien," sê mnr Colin Puren, uitvoerende bestuurder, Strategiese Dienste.

UITGEREIK DEUR MOSSELBAAI-MUNISIPALITEIT KOMMUNIKASIE

6 MEI 2020

NAVRAE: Nickey Le Roux

Senior Kommunikasie & Bemarkingspraktisyn

082 562 9259 / nleroux@mosselbay.gov.za